



Integrering van MobiLex

Die Universiteit Stellenbosch (US) het in 2021 begin om MobiLex, 'n meertalige woordelys, by die konteks van onderrig en leer te integreer. Die Fakulteit Opvoedkunde en die Fakulteit Teologie was eerste aan die beurt. Die tutoriale en werksessies wat by die Fakulteit Opvoedkunde gehou is, het van skeppende en vars denke getuig. Daar word beplan om die projek verder, oor al die verskillende fakulteite aan die US heen, te integreer. Die projek word ook deur 'n Universiteitskapasiteitsontwikkelingstoekenning (UKOT) gedra, en is die enigste sodanige projek wat onder 'n fakulteit ressorteer. Die projekspan bestaan uit dr Michele van der Merwe, die projekteier; mev Jana Nel, wat die integrering van MobiLex koördineer; en mev Antoinette van der Hoven, wat bystand en steun met beplanning, navorsing en bemerking verleen.

Die taakspan het aanvanklik op BEd-eerstejaarstudente se integrasie van MobiLex in hulle onderrig en leer gefokus. Tydens die eerste werksessie, in Maart, het personeellede aanbeveel dat die integrasie van MobiLex in onderrig en leer ook op studente vir die Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS) van toepassing moet wees. Hier volg 'n oorsig van wat die Fakulteit die afgelope jaar bereik het:

Baie navorsing, harde werk en beplanning is in die ontwerp van 'n *Handleiding* geploeg. Hierdie gids dien as bron vir nege weke se opleiding vir dosente en studente by Opvoedkunde. Dit is in Afrikaans, Engels en Xhosa beskikbaar, en dr Simthembile Xeketwana het baie ondersteuning met die vertaling in Xhosa verleen.

Ons het ook 'n SUNLearn-moduleblad vir studente geskep met spesifieke opvoedkundige leeraktiwiteite vanaf MobiLex wat op konseptuele en akademiese geletterdheid fokus.

Die akademiese geletterdheid van NOS-studente sowel as eerstejaars is vooraf sowel as agterna getoets. Die vooraftoets is geskryf sonder dat die studente enige kennis van of bystand met die MobiLex-applikasie gehad het. Daarna is agt tutoriaalsessies vir hulle aangebied waarin hulle geleer het hoe om die MobiLex-app doeltreffend te gebruik. Na afloop van die kursus het die studente die agternatoets vir geletterdheid afgelê. Die uitslag het getoon dat die deelnemers beslis sedert die vooraftoets verbeter het. Dit het geklop met die verwagting dat die MobiLex-app studente met begrippe en akademiese geletterdheid sal help.

Geslaagde en opwindende tutoriaalsessies is in die tweede en vierde kwartaal aangebied. Daar was elke week vier meertalige aanlyn tutoriaalsessies vir NOS-studente. Die sessies is uitstekend bygewoon; ±120 studente het elke week fluks deelgeneem. Daar was elke week agt meertalige aanlyn tutoriaalsessies vir eerstejaarstudente. Die sessies is baie goed bygewoon;

±100 studente het elke week fluks deelgeneem. Alle studente wat al die tutoriale getrou bygewoon het, het 'n bywoningsertifikaat ontvang. Drie finalejaar- BEd-studente – Eddie Buys, Frances Bell en Zama Ndotho – het die leiding by die tutoriale geneem. Al drie tutors het baie hard gewerk, en saam kon hulle die studente in Engels, Afrikaans en Xhosa ondersteun.

Twee werksessies oor hoe om MobiLex te integreer is vir alle dosente by die Fakulteit aangebied. By die eerste sessie, in Maart, is meer inligting oor MobiLex en die planne vir integrering verskaf. Die Dekaan, prof Madiba, was die hoofspreeker by dié werksessie. Die tweede sessie is op Internasionale Geletterdheidsdag, 8 September, gehou. Mev Nel en Van der Hoven het aanbiedings gedoen. Daarna is die deelnemers in wegbreekgroepe verdeel om te gesels oor en te beplan hoe MobiLex in die onderskeie spesialisasiemodules geïntegreer kan word. Dr Anthea Jacobs het met hierdie proses bystand verleen. Alle dosente wat aan albei werksessies deelgeneem het, het 'n bywoningsertifikaat ontvang.

Dit was 'n besige en suksesvolle jaar wat die integrasie van MobiLex in die Fakulteit betref, en ons is baie opgewonde oor en tevrede met die positiewe terugvoer wat ons vanaf studente asook dosente ontvang het. Alhoewel die fokus vir 2022 op die twee fakulteite hier onder gaan lê, beplan ons om die integrasie en toepassing van MobiLex binne die Fakulteit Opvoedkunde elke jaar voort te sit.

Die onderstaande maatreëls vir integrering sal in 2022 by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as by Lettere en Sosiale Wetenskappe deurgevoer word:

- Hou 'n werksessie vir dosente, wat daarop ingestel is om MobiLex by hulle onderrig-en-leer-konteks te integreer. 'n Uiteraars geslaagde werksessie is alreeds in Maart 2022 by die Fakulteit EBW aangebied.
- Neem vooraftoetse af; eerstejaars of voorgraadse studente moet dit aflê.
- Bied een of twee werksessies vir die betrokke studente aan, wat daarop ingestel is om MobiLex by hulle leerkonteks te integreer.
- Neem agternatoetse af wat die studente moet aflê nadat hulle aan bogenoemde werksessies deelgeneem het.
- Pas die handleiding aan wat vir hierdie twee fakulteite bedoel is.

Ons sien na 'n opwindende, produktiewe 2022 uit.